

JAARBOEK 2012

FAKULTEIT
LETTERE EN WYSBEGEERTE
VOORGRAADS

Potchefstroomkampus

Rig alle korrespondensie aan

Die Registrateur
Noordwes-Universiteit
Potchefstroomkampus
Privaatsak X6001
Potchefstroom
2520

Tel: (018)299-1111/2222

Faks: (018)299-2799

Internet: <http://www.nwu.ac.za>

U UNIVERSITEITSNOMMER MOET ASSEBLIEF IN ALLE KORRESPONDENSIE VERMELD WORD.

Die Algemene Akademiese Reëls van die Universiteit, waaraan alle studente hulle moet onderwerp en wat op al die kwalifikasies wat die Universiteit aanbied, van toepassing is, verskyn in 'n afsonderlike bundel op die web: http://www.nwu.ac.za/export/sites/default/nwu/p-aka/calender_a.html.

Let Wel: Ofskoon die inligting wat in hierdie Jaarboek opgeneem is so noukeurig moontlik saamgestel is, aanvaar die Raad en die Senaat van die Universiteit hoegenaamd geen aanspreeklikheid vir onjuisthede wat hierin mag voorkom nie. In die besonder bly dit elke student se verantwoordelikheid om hom/haar deeglik te vergewis van die klasrooster en moontlike roosterbotsings voordat hy/sy finaal oor die keuse van modules besluit. Indien daar 'n botsing by 'n student se voorgenome keuse voorkom, is die betrokke kombinasie van modules ontoelaatbaar.

Inhoudsopgawe

L.1	FAKULTEITREËLS	1
L.1.1	GESAG VAN DIE A-REËLS	1
L.1.2	FAKULTEITSPESIFIEKE REËLS.....	1
L.1.2.1	Toelatingsvereistes	1
L.1.2.2	Verklaring van die voorvereiste in die lys van modules	1
L.1.2.3	Die aanbieding van kernmodules	1
L.1.2.4	Eksamengeleenthede.....	2
L.1.2.5	Samestelling van die deelnamepunt	2
L.1.2.6	Toelating tot die eksamen	3
L.1.2.7	Slaagvereistes van 'n module en program	3
L.1.2.8	Registrasie vir bykomende modules	3
L.1.3	EVALUERING VAN AKADEMIESE GELETTERDHEID	4
L.1.4	ONDERWYSERSOPLEIDING	5
L.1.5	WAARSKUWING TEEN PLAGIAAT	5
L.1.6	KAPASITEITSBEPALINGS.....	5
L.1.7	ERKENNING VAN VORIGE LEER	5
L.1.8	SKOLE IN DIE FAKULTEIT.....	6
L.1.9	KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS	6
L.1.10	PROGRAMEIENAARS	11
L.2	REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS ARTIUM	12
L.2.1	DUUR	12
L.2.2	TOELATINGSVEREISTES VIR DIE KWALIFIKASIE	12
L.2.3	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES TOT BEPAALDE VAKKE	12
L.2.3.1	Afrikaans en Nederlands	12
L.2.3.2	Duits	12
L.2.3.3	Ekonomie	13
L.2.3.4	English	13
L.2.3.5	Frans.....	13
L.2.3.6	Latyn	13
L.2.3.7	Setswana	14
L.2.3.8	Skryfkuns	14
L.2.3.9	Vertaal- en Tolkstudie	14
L.2.3.10	Wiskunde	14
L.2.4	PROGRAM BA GEDRAGSWETENSKAPPE	15
L.2.4.1	Spesifieke toelatingsvereistes van die program	15

L.2.4.2	Programuitkomste	15
L.2.4.3	Modulelys.....	15
L.2.4.4	Kurrikulum L300P: Bedryfsielkunde en Arbeidsverhoudingebestuur	17
L.2.5	PROGRAM BA GEESTESWETENSKAPPE	18
L.2.5.1	Spesifieke toelatingsvereistes van die program	18
L.2.5.2	Programuitkomste	18
L.2.5.3	Modulelys.....	18
L.2.5.4	Kurrikulum L315P: Geografie en Omgewingstudie en die Humaniora.....	25
L.2.5.5	Kurrikulum L316P: Geskiedenis en die Geesteswetenskappe	26
L.2.5.6	Kurrikulum L317P: Kunstgeskiedenis en die Geesteswetenskappe	27
L.2.5.7	Kurrikulum L318P: Politieke Studie en die Geesteswetenskappe	29
L.2.5.8	Kurrikulum L319P: Sosiale Antropologie en die Geesteswetenskappe	30
L.2.5.9	Kurrikulum L320P: Psigologie en Tale.....	32
L.2.5.10	Kurrikulum L321P: Sosiologie en Tale.....	33
L.2.5.11	Kurrikulum L329P: Wiskunde en die Geesteswetenskappe	35
L.2.5.12	Kurrikulum L330P: Latyn en die Geesteswetenskappe	36
L.2.5.13	Kurrikulum L331P: Geografie en die Geesteswetenskappe	38
L.2.5.14	Kurrikulum L332P: Etiek, Filosofie en Tale	39
L.2.5.15	Kurrikulum L333P: Etiek, Filosofie en Sosiale Wetenskappe	41
L.2.5.16	Kurrikulum L334P: "PPE" (Etiek, Filosofie, Politiek en Ekonomie)	42
L.2.5.17	Kurrikulum L335P: Etiek, Filosofie en Bedryfsielkunde	43
L.2.5.18	Kurrikulum L336P: Etiek, Filosofie en Psigologie.....	44
L.2.5.19	Kurrikulum L337P: Etiek, Filosofie en Rekenaarwetenskap	46
L.2.5.20	Kurrikulum L338P: Etiek, Filosofie en Wiskunde.....	47
L.2.6	PROGRAM BA KOMMUNIKASIE	49
L.2.6.1	Spesifieke toelatingsvereistes van die program	49
L.2.6.2	Programuitkomste	49
L.2.6.3	Modulelys.....	49
L.2.6.4	Kurrikulum L327P: Kommunikasie.....	54
L.2.7	PROGRAM BA MUSIEK EN SAMELEWING	56
L.2.7.1	Spesifieke toelatingsvereistes van die program	56
L.2.7.2	Programuitkomste	56
L.2.7.3	Ander reëls.....	56
L.2.7.4	Modulelys.....	56
L.2.7.5	Kurrikulum L325P: BA Musiek en Samelewing	58
L.2.8	PROGRAM BA MET MUSIEKVAKKE	59
L.2.8.1	Spesifieke toelatingsvereistes van die program	59
L.2.8.2	Programuitkomste	59
L.2.8.3	Ander reëls.....	59

L.2.8.4	Modulelys.....	59
L.2.8.5	Kurrikulum L327P: BA met Musiekvakke	62
L.2.9	PROGRAM BA ONTWIKKELING EN BESTUUR.....	63
L.2.9.1	Spesifieke toelatingsvereistes van die program	63
L.2.9.2	Modulelys.....	63
L.2.9.3	Kurrikulum L304P: Openbare Bestuur en Regeerkunde	66
L.2.9.4	Kurrikulum L305P: Openbare Bestuur met Menslikehulpbronbestuur en Arbeidsverhoudinge	66
L.2.9.5	Kurrikulum L306P: Openbare Regeerkunde en Politiek met Regsvakke	67
L.2.9.6	Kurrikulum L307P: Openbare Bestuur en Regering met Ekonomie	68
L.2.9.7	Kurrikulum L308P: Openbare Bestuur en Regering met Sosiologie	69
L.2.9.8	Kurrikulum L309P: Openbare Bestuur en Omgewing	70
L.2.10	PROGRAM BA TAAL- EN LITERATUURSTUDIE	72
L.2.10.1	Spesifieke toelatingsvereistes van die program	72
L.2.10.2	Programuitkomste	72
L.2.10.3	Modulelys.....	72
L.2.10.4	Kurrikulum L331P: Afrikaans en Nederlands en Engels plus Skryfkuns en/of Vertaal- en Tolkstudie	76
L.2.10.5	Kurrikulum L332P: Afrikaans en Nederlands en Duits plus Skryfkuns en/of Vertaal- en Tolkstudie.....	77
L.2.10.6	Kurrikulum L333P: Afrikaans en Nederlands en Frans plus Skryfkuns en/of Vertaal- en Tolkstudie.....	78
L.2.10.7	Kurrikulum L334P: Afrikaans en Nederlands en Setswana (derde taal) plus Skryfkuns en/of Vertaal- en Tolkstudie	80
L.2.10.8	Kurrikulum L335P: Engels en Duits plus Skryfkuns en/of Vertaal- en Tolkstudie	81
L.2.10.9	Kurrikulum L336P: Engels en Frans plus Skryfkuns en/of Vertaal- en Tolkstudie	82
L.2.10.10	Kurrikulum L337P: Engels en Setswana (derde taal) plus Skryfkuns en/of Vertaal- en Tolkstudie.....	84
L.2.10.11	Kurrikulum L338P: Duits en Frans plus Skryfkuns en/of Vertaal- en Tolkstudie	85
L.2.10.12	Kurrikulum L339: Duits en Setswana (derde taal) plus Skryfkuns en/of Vertaal- en Tolkstudie.....	86
L.2.10.13	Kurrikulum L340P: Frans en Setswana (derde taal) plus Skryfkuns en/of Vertaal- en Tolkstudie.....	88
L.2.10.14	Kurrikulum L341P: Setswana (eerste taal) plus taalmodules	89
L.2.11	PROGRAM BA ERFENIS- EN KULTUURTOERISMEBESTUUR.....	91
L.2.11.1	Spesifieke toelatingsvereistes van die program	91
L.2.11.2	Programuitkomste	91
L.2.11.3	Modulelys.....	91
L.2.11.4	Kurrikulum L301P : Erfenis - en Kultuurtoerismebestuur	94

L.2.12	EKSAMINERING	94
L.3	REÛLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS SOSIALE WETENSKAPPE	95
L.3.1	DUUR	95
L.3.2	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES VIR DIE KWALIFIKASIE.....	95
L.3.3	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES TOT BEPAALDE VAKKE	95
L.3.3.1	Afrikaans en Nederlands	95
L.3.3.2	Duits	95
L.3.3.3	Ekonomie.....	96
L.3.3.4	English.....	96
L.3.3.5	Frans.....	96
L.3.3.6	Setswana	96
L.3.3.7	Wiskunde	97
L.3.4	PROGRAM B SOSIALE WETENSKAPPE	97
L.3.4.1	Modulelys.....	97
L.3.4.2	Kurrikulum L301P: Individu en samelewing	101
L.3.4.3	Kurrikulum L302P: Sosiale Dinamika.....	103
L.3.4.4	Kurrikulum L303P: Politiek en Samelewing	105
L.3.4.5	Kurrikulum L304P: Kultuur en Samelewing.....	106
L.3.4.6	Kurrikulum L305P: Omgewing en Samelewing	108
L.3.4.7	Kurrikulum L306P: Ekonomie en Samelewing	110
L.3.5	EKSAMINERING	111
L.4	REÛLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS ARTIUM (GRAFIESE ONTWERP)	112
L.4.1	DUUR	112
L.4.2	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES VAN DIE KWALIFIKASIE EN PROGRAM	112
L.4.3	PROGRAM BA GRAFIESE ONTWERP	112
L.4.3.1	Modulelys.....	112
L.4.3.2	Kurrikulum L401P: BA Grafiese Ontwerp (Kunsgeskiedenis en Illustrasie)	114
L.4.3.3	Kurrikulum L409P: BA Grafiese Ontwerp (Kommunikasie)	115
L.4.4	EKSAMINERING	116
L.5	REÛLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS MUSICAE.....	117
L.5.1	DUUR	117
L.5.2	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES VAN DIE KWALIFIKASIE EN PROGRAM	117

L.5.3	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES MET BETREKKING TOT VAKKE EN MODULES	117
L.5.3.1	Afrikaans en Nederlands	117
L.5.3.2	Duits	117
L.5.3.3	English.....	118
L.5.3.4	Frans.....	118
L.5.3.5	Wiskunde	119
L.5.4	PROGRAM MUSIEK.....	119
L.5.4.1	Programuitkomste	119
L.5.4.2	Ander reëls.....	119
L.5.4.3	Modulelys.....	120
L.5.4.4	L.5.4.4. Kurrikulum L416P: Musiek	122
L.5.5	EKSAMINERING	123
L.6	REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS ARTIUM (TAALTEGNOLOGIE)	124
L.6.1	DUUR	124
L.6.2	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES VAN DIE KWALIFIKASIE EN PROGRAM	124
L.6.3	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES MET BETREKKING TOT VAKKE EN MODULES	124
L.6.3.1	Afrikaans en Nederlands	124
L.6.3.2	Duits	124
L.6.3.3	English.....	125
L.6.3.4	Frans.....	125
L.6.3.5	Setswana	126
L.6.3.6	Taaltegnologie	126
L.6.3.7	Wiskunde	126
L.6.4	PROGRAM TAALTEGNOLOGIE	127
L.6.4.1	Programuitkomste	127
L.6.4.2	Artikulasie	127
L.6.4.3	Modulelys.....	127
L.6.4.4	Kurrikulum L426P: Taaltegnologie met 'n taalhoofvak	130
L.6.5	EKSAMINERING	131
L.7	REËLS VIR DIE DIPLOMA IN MUSIEK.....	132
L.7.1	DUUR	132
L.7.2	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES VIR DIE KWALIFIKASIE.....	132
L.7.3	PROGRAM: DIPLOMA IN MUSIEK.....	132
L.7.3.1	Programuitkomste	132
L.7.3.2	Ander reëls.....	132

L.7.3.3	Modulelely.....	132
L.7.3.4	Kurrikulum L206P: Diploma in musiek.....	133
L.7.4	EKSAMINERING	134
L.8	MODULE-UITKOMSTE	135
L.8.1	KKVU-MODULES.....	135
L.8.1.1	AKADEMIESE GELETTERDHEID	135
L.8.1.2	VERSTAAN DIE WÊRELD.....	135
L.8.2	AFRIKAANS EN NEDERLANDS.....	138
L.8.3	ANTIEKE KULTUUR	142
L.8.4	DUITS	142
L.8.5	ENGLISH.....	145
L.8.6	ETIEK	148
L.8.7	FILOSOFIE	151
L.8.8	FRANS	154
L.8.9	GEBARETAAL	156
L.8.10	GESKIEDENIS	157
L.8.11	GRAFIESE ONTWERP.....	161
L.8.12	GRAFIESE ONTWERP — MULTIMEDIA-ONTWERP	165
L.8.13	ILLUSTRASIEKUNS.....	167
L.8.14	KOMMUNIKASIE.....	170
L.8.15	KUNSGESKIEDENIS.....	176
L.8.16	MUSIEK [VIR BA MUSIEK EN SAMELEWING EN DIPLOMA IN MUSIEK].....	178
L.8.17	MUSIEK [VIR BA MET MUSIEKVAKKE EN BMUS]	199
L.8.18	OPENBARE BESTUUR EN REGERING	226
L.8.19	POLITIEKE STUDIE	228
L.8.20	SETSWANA (EERSTE TAAL).....	230
L.8.21	SETSWANA (DERDE TAAL)	232
L.8.22	SKRYFKUNS.....	234
L.8.23	SOSIALE ANTROPOLOGIE.....	236
L.8.24	SOSIOLOGIE	238
L.8.25	TAALTEGNOLOGIE.....	241
L.8.26	VERTAAL- EN TOLKSTUDIE	244

Ampsdraers

Dekaan

Prof. J. Swanepoel, LLB, M.A., D.Litt. (PU vir CHO).

Skooldirekteure, Navorsingseenheiddirekteur, Fokusareadirekteur en Nisarealeier

Skool vir Filosofie

Direkteur: Prof. M.F. Heyns, BD (UP), M.A. (PU vir CHO), Ph.D. (VU).

Skool vir Kommunikasiestudies

Direkteur: Prof. P.J. Schutte, D.T.O., M.A., D. Litt. (PU vir CHO).

Skool vir Musiek

Direkteur: Prof. K. Devroop, M.Mus. (UN), Ph.D. (UNT).

Skool vir Sosiale en Owerheidstudie

Direkteur: Prof. S.J. Zaaiman, B.Th. (US), B.Com. (UNISA), M.A., D.Phil. (US).

Skool vir Tale

Direkteur: Prof. W.A.M. Carstens, H.O.D., M.A., D.Litt. (US).

Navorsingseenheid Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks

Direkteur: Prof. J.C. Roux, M.A. (PU vir CHO), D.Litt (US).

Navorsingsfokusarea Sosiale Transformasie

Direkteur: Prof. A. Duvenhage, M.A. (PU vir CHO), Ph.D. (UOVS).

Nisarea Musikale Kunste in Suid-Afrika: Hulpbronne en Toepassings

Nisarealeier: Prof. H.M. Potgieter, M.Mus., D.Mus. (UP).

Vakgroepvoorsitters

Skool vir Kommunikasiestudies

Vakgroep Grafiese Ontwerp en Illustrasiekuns: Mnr. C.E. van der Westhuizen, B.A. Hons. (Vega).

Vakgroep Kommunikasie: Dr. L. Holtzhausen, M.Com. (PU vir CHO), Ph.D. (NWU).

Vakgroep Kunsgeskiedenis: Prof. J.R. Botha, M.A. (PU vir CHO), D.Ed. (UJ).

Skool vir Sosiale en Owerheidstudie

Vakgroep Geskiedenis en Antieke Kultuur: Prof. J.A. du Pisani, M.A. (UOVS), M.Omg. Wet. (NWU), D.Phil. (UOVS).

Vakgroep Openbare Bestuur en Regering: Mnr. M. Diedericks, M.A. (NWU).

Vakgroep Politieke Studies: Mnr. J.C. Venter, M.A. (PU vir CHO).

Vakgroep Sosiale Antropologie: Me. P. Bombardella, Hons BA. (UNISA).

Vakgroep Sosiologie: Me. C. Cilliers, Hons BA. (UP).

Skool vir Tale

Vakgroep Afrikaans en Nederlands: Me J.W. Schutte, HOD, MA (PU vir CHO).

Vakgroep Duits: Me. G. Wittmann, BA Hons, M.A. (US).

Vakgroep Engels: Prof. I. Bekker, BA Hons, M.A. (UNISA), PhD (NWU).

Vakgroep Frans: Me. C. Grobler, BA Hons (UV), NGOS (UV), MA (Grenoble III, Frankryk).

Vakgroep Setswana: Prof. R.S. Pretorius, HOD, M.A., PhD (PU vir CHO).

Vakgroep Skryfkuns: Prof. S.F. Greyling, Hons BA, BEd (UP), HOD, M.A., PhD (PU vir CHO).

Vakgroep Taaltegnologie: Mnr. M.J. Puttkammer, BA Hons, M.A. (NWU).

Vakgroep Vertaal- en Tolkstudie: Me. S.M.J. Kapp, BA Hons, M.A. (UOVS).

Programleiers

Skool vir Musiek

Diploma in Musiek en B.A. Musiek en Samelewing: Me. S.I. Viljoen, B.Mus. (PU vir CHO), Hons B.Mus.(US), Hons B.A. (PU vir CHO), M.A.(NWU).

B.A. met Musiekvakke en B.Mus: Mnr. P.J. van der Merwe, Hons B.Mus. (PU vir CHO), M.Mus. (YSU).

Administratiewe Bestuurder

Me. S. Snyman, B. Proc. (PU vir CHO).

Fakulteitsraad

Dekaan: Prof. J. Swanepoel

Administratiewe Bestuurder: Me. S. Snyman

Studenteverteenwoordigers (2)

Prof. Bekker, I.

Me. Bombardella, P.

Prof. Botha, J.R.

Prof. Carstens, W.A.M.

Me. Cilliers, C.

Prof. De Lange, A.M.

Prof. Devroop, K.

Mnr. Diedericks, M.

Prof. Du Pisani, J.A.

Prof. Du Plessis, H.G.W.

Prof. Du Plooy, H.J.G.

Prof. Duvenhage, A.

Prof. Froneman, J.D.

Prof. Greyling, S.F.

Me. Grobler, C.

Prof. Heyns, M.F.

Dr. Holtzhausen, L.

Me. Kapp, S.M.J.

Prof. Koornhof, H.P.

Prof. Kruger, J.H.

Dr. Le Roux, T.

Mnr. Pheto, J.R.

Prof. Potgieter, H.M.

Prof. Pretorius, R.S.

Mnr. Puttkammer, M.

Prof. Roux, J.C.

Me. Schutte, J.W.

Prof. Schutte, P.J.

Prof. Temane, Q.M.

Mnr. Van der Merwe, P.J.

Prof. Van der Walddt, G.

Prof. Van der Walt, J.L.

Mnr. Van der Westhuizen, C.E.

Mnr. Venter, J.C.

Dr. Verhoef, A.

Prof. Viljoen, H.M.

Me. Viljoen, S.

Mnr. Weyer, W.W.

Me. Wittmann, G.

Prof. Zaaïman, S.J.

L.1 FAKULTEITREËLS

L.1.1 GESAG VAN DIE A-REËLS

Die fakulteitsreëls, wat ten aansien van die verskillende kwalifikasies, programme en kurrikulums van hierdie Fakulteit geld en in hierdie fakulteitsjaarboek opgeneem is, is onderhewig aan die Algemene Reëls van die Universiteit, soos dit van tyd tot tyd deur die Raad van die Universiteit op aanbeveling van die Senaat vasgestel word, en moet dus met daardie Algemene Reëls saamgelees word.

Die Algemene Akademiese Reëls verskyn op die Universiteit se tuisblad by http://www.nwu.ac.za/export/sites/default/nwu/p-aka/calender_a.html, en gedrukte eksemplare daarvan kan in die Ferdinand Postma-biblioteek en by die Direkteur: Akademiese Administrasie geraadpleeg word.

L.1.2 FAKULTEITSPESIFIEKE REËLS

L.1.2.1 Toelatingsvereistes

Die toelatingsvereistes tot die Universiteit word in Algemene Reël A.5.1 gestel. Spesifieke toelatingsvereistes word verder in die reëls van die onderskeie kwalifikasies, programme en kurrikulums wat in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aangebied word, beskryf.

L.1.2.2 Verklaring van die voorvereiste in die lys van modules

'n Student mag vir 'n module registreer slegs nadat hy/sy voldoen het aan die voorvereiste wat in die lys van modules gestel word. In die kolom onder die opskrif "voorvereistes" beteken

- a) (35DP) óf (40DP) dat 'n deelnamepunt van minstens 35% / 40% in die aangeduide module vereis word ten einde vir die betrokke module waarvoor dit 'n vereiste is, te mag registreer;
- b) (40) dat 'n modulepunt van minstens 40% in die aangeduide module vereis word ten einde vir die betrokke module waarvoor dit 'n vereiste is, te mag registreer;
- c) geen syfer tussen hakies dat 'n modulepunt van minstens 50% in die aangeduide module vereis word ten einde vir die betrokke module waarvoor dit as vereiste gestel is, te mag registreer.

L.1.2.3 Die aanbieding van kernmodules

Wanneer die modules van 'n vak as kernmodules aangebied word, d.w.s. wanneer 'n vak as hoofvak aangebied word, moet die modules van die betrokke vak of die ekwivalente daarvan soos volg aangebied word:

Vak	Modules wat suksesvol voltooi moet word
Afrikaans en Nederlands	AFNP121, 211, 221, 311, 321
Arbeidsverhoudinge	LARM111, 211, 221, 311, 321, 322
Bedryfsielkunde	IOPS111, 121, 211, 221, 311, 321 asook die volgende vir toelating tot honneursstudie: PSYC121, 212, 311; STTN111, 124; LARM311 of 321
Duits	GERB/GERM111, GERB/GERM121, GERM211, 221, 311, 321
Ekonomie	ECON111, 121, 211, 221, 311, 321, 322

Vak	Modules wat suksesvol voltooi moet word
Engels	ENLL111, 121, 211, 221, 311, 321
Etiek	PHIL111,121, ETIE212,221,312,313,321,322
Filosofie	PHIL111, 121, 211, 221, 311, 312, 321, 322
Frans	FREB/FREN111, FREB/FREN121, FREN211, 221, 311, 321
Geografie en Omgewing- studie	GGFS111, 121, 211, 221, 311, 321
Geskiedenis vir kurrikulum L319P	HIST111, 122, 212, 221, 311, 322
Geskiedenis vir ander kurri- kulum	HIST111, 121, 211, 221, 311, 321
Grafiese Ontwerp	Soos aangedui in kurrikulum L401P en L409P
Illustrasiekuns	Soos aangedui in kurrikulum L401P
Kommunikasie	Soos aangedui in kurrikulum L327P
Kunsgeskiedenis	KSGS113, 122, 222, 312, 322
Musiekvakke	Soos aangedui in kurrikulum L324P, L327P en L416P
Openbare Bestuur en Regering	PUMA112, 122, 212, 222, 314, 313, 322, 323
Politiese Studie	POLI112, 123, 213, 223, 312, 322
Psigologie	PSYC111, 121, 211, 212, 221, 311, 312, 321, 322
Rekenaarwetenskap	ITRW112, 123, 124, 212, 213, 222, 225, 311, 316, 321, 322
Skryfkuns	SKRK111, 121, 211, 221, 311, 321
Sosiale Antropologie	SANL112, 122, 213, 224 of 223, 313, 314, 323
Sosiologie	SOSL111, 121, 211, 221, 222, 224, 311, 312, 321, 323, 327
Taaltegnologie	Soos aangedui in kurrikulum L426P
Toerismebestuur	TMBP111, 121, 211, 221, 311, 312, 321, 322
Setswana [Eerste taal]	SETM111, 121, 211, 221, 311, 321
Setswana [Derde taal]	ATSN111, 121, 211, 221, 311, 321
Vertaal- en Tolkstudie	LAPP111, 121, 211, 221, 222, 311, 312, 321, 322
Wiskunde	WISN111, 121, 121, 123, 211, 212, 221, 222, 311, 312, 321, 322

L.1.2.4

Eksamengeleentehede

Die eksamengeleentehede en verbandhoudende reëls geskied in ooreenstemming met Algemene Reël A.5.4.

L.1.2.5

Samestelling van die deelnamepunt

- a) Die deelnamepunt vir 'n module word saamgestel uit toetse, werkstukke en praktiese werk.

- b) Die verhouding tussen teorie en prakties vir die berekening van die deelnamepunt vir modules is soos uiteengesit in die verskillende modules se studiegids.

L.1.2.6

Toelating tot die eksamen

- a) Toelating tot die eksamen in enige module geskied deur die verwerping van 'n *deelnamebewys* (Algemene Reël A.5.4.3).
- b) 'n Deelnamebewys, wat toelating tot die eksamen verleen, sal slegs uitgereik word nadat 'n student tot die bevrediging van die skooldirekteur, in oorleg met die betrokke vakgroepvoorsitter, voldoen het aan die vereistes daarvoor wat in die studiegids vir die betrokke module uiteengesit is.
- c) Die toelatingsvereistes vir die eksamen in semester- en jaarmodules in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte is soos volg:

Jaarvlak van die module	Semester	Vereiste deelnamepunt
1	1	35
1	2	40
2	1	40
2	2	40
3	1	40
3	2	40
4	1	40
4	2	40
Alle vlakke	Jaarmodules	40

L.1.2.7

Slaagvereistes van 'n module en program

Die bepalinge van Algemene Reël A.5.4.4 en al die subparagrafe is van toepassing.

- a) Die slaagvereiste vir 'n module waarin eksamens geskryf is, is 'n modulepunt van 50% (Algemene Reël A.5.4.4.1.).
- b) Die *modulepunt* word bereken in die verhouding tussen die deelnamepunt en die eksamenpunt soos aangegee is by die moduleuitkomste agter in hierdie jaarboek.
- c) Oorweging vir die aanpassing van die modulepunt van 'n eerste-semestermodule waarin eksamen geskryf is maar nie geslaag is nie, geskied volgens die bepalinge van Algemene Reël A.5.4.4.2.
- d) Die subminimum vir alle modules waarin eksamen geskryf is, is 40% (Algemene Reël A.5.4.4.4), behalwe waar anders vermeld word in die reëls van spesifieke programme en kurrikulums.
- e) Algemene Reël A.5.4.5 spesifiseer die vereistes om 'n kwalifikasie met onderskeiding te slaag.
- f) 'n Subminimum van 40% geld vir elke vraestel van 'n module.

L.1.2.8

Registrasie vir bykomende modules

- a) 'n Student kan in enige studiejaar, benewens die vereiste modules van die betrokke kurrikulum, bykomende modules neem ooreenkomstig die bepalinge in Algemene Reël A.5.3.5.
- b) Behalwe waar dit anders vir programme gespesifiseer word, kan voorgraadse studente met skriftelike toestemming van die dekaan toegelaat word om hoogstens een module van 'n honneursgraad as addisionele vak

te neem, met dien verstande dat aan die toelatingsvereistes van die betrokke module voldoen word.

L.1.3

EVALUERING VAN AKADEMIESE GELETTERDHEID

- a) Alle voorgraadse studente wat vir die eerste keer aan die Universiteit registreer, moet hulle op 'n tyd en plek wat deur die Universiteit bepaal word, aanmeld vir 'n verpligte vaardigheidstoets in akademiese geletterdheid ten einde hulle vermoë om in 'n akademiese omgewing te funksioneer, te evalueer. Die doel van die toets is om studente te identifiseer wat vanweë onvoldoende akademiese vaardighede die risiko loop om hulle studieprogram nie suksesvol binne die toegelate tydperk te voltooi nie.
- b) Studente besluit self of hulle die verpligte vaardigheidstoets in Afrikaans of in Engels wil aflê. Met die uitsondering van studente wat deur die toets as grensgevalle uitgewys word, kry elke student slegs een geleentheid om die toets af te lê. Studente wat as grensgevalle beskou word, kry 'n tweede geleentheid.
- c) Studente wat deur die toets as risikogevalle geïdentifiseer word, moet vir die module AGLA111 [Afrikaans] of AGLE111 [Engels] registreer, afhangend van die taal waarin hulle die verpligte vaardigheidstoets afgelê het. Hierdie modules word nie vir kredietdoeleindes van kurrikulums in berekening gebring nie, maar die krediete wat hiermee verdien word, word as addisionele krediete gereken.
- d) Vir toelating tot die eksamen in AGLA111 / AGLE111 word 'n deelnamepunt van 35% vereis. Studente wat nie tot die eksamen in AGLA111 / AGLE111 toegelaat word nie of die eksamen daarin druipe en tersame daarmee twee of meer ander modules ook druipe, se studievoortsetting in die daaropvolgende semester word deur die Keurkomitee heroorweeg. AGLA111 / AGLE111 moet laastens aan die einde van die tweede historiese jaar geslaag word om die terminering van studies te voorkom.
- e) Vir toelating tot die module AGLA121 / AGLE121, wat vir alle studente wat die eerste keer aan die Universiteit registreer, verpligtend is, moet 'n student wat verplig is om eers AGLA111 / AGLE111 te volg, 'n modulepunt van minstens 40% in AGLA111 / AGLE111 verwerf. Die modules AGLA121 / AGLE121 het 'n gewig van 12 krediete wat deel vorm van die kurrikulum waarvoor die student registreer en moet geneem word in die taal waarin die verpligte vaardigheidstoets en AGLA 111 / AGLE111 geneem is. Daar is 'n subminimum in elk van die drie afdelings van AGLA121 / AGLE121.
- f) Studente wat die module AGLA111 / AGLE111 gesak het, maar wel tot AGLA121 / AGLE121 toegelaat is en die eksamen daarin geslaag het, se uitslag van AGLA111 / AGLE111 kan deur die betrokke skooldirekteur tot 'n slaagpunt gekondoneer word.
- g) Studente wat reeds 'n module[s] / kursus[se] soortgelyk aan AGLA111,121 / AGLE111,121 aan 'n ander inrigting suksesvol afgelê het en bewys daarvan kan lewer, kan skriftelik by die Hoof van die Sentrum vir Akademiese en Professionele Taalpraktyk aansoek om erkenning daarvan doen.
- h) Daar is 'n subminimum in elk van die drie afdelings van AGLA121 / AGLE121. Studente moet dus al drie afdelings slaag om die module suksesvol af te lê.

L.1.4

ONDERWYSERSOPLEIDING

- a) Kurrikulums wat oor die vereiste aantal krediete in erkende leerareas en/of skoolvakke voldoen, verleen toelating tot die eenjarige Nagraadse Onderwysertifikaat (NGOS). Dit is 'n akademiese professionele sertifikaat wat op die opleiding van onderwysers vir die intermediêre, en/of senior en verdere onderwys- en opleidingsfase gerig is.
- b) Toelatingsvereistes vir NGOS:
 - 'n Eerste universiteitsgraad met twee erkende skoolvakke of 'n erkende kwalifikasie wat in totaal 360 krediete op NKR-vlak 6 optel en wat minstens twee erkende leerareas en/of skoolvakke insluit.
 - Studente moet ook in staat wees om twee (2) vakdidaktieke te kan neem ten einde die kwalifikasie te verwerf.
 - Die samestelling in die graadkursus kan een van die volgende wees:
 - Erkende skoolvak/leerarea op vlak 3 + erkende skoolvak/leerarea op vlak 1.
 - Erkende skoolvak/leerarea op vlak 2 + erkende skoolvak/leerarea op vlak 2;
 - Erkende skoolvak/leerarea op vlak 2 + erkende skoolvak/leerarea op vlak 1 + erkende skoolvak/leerarea op vlak 1. In die geval van 'n taal word aanbeveel dat die kandidaat ten minste vlak 2 voltooi het.
- c) In geval van 'n keuse tussen vakdidaktieke van akademiese vakke reeds geslaag vir 'n vorige kwalifikasie moet die studente die een neem waarin hy/sy die hoogste gekwalifiseer is.
- d) 'n Student wat nog nie sy/haar graad verwerf het nie, kan onder sekere omstandighede toegelaat word om vir die NGOS in te skryf en om die ontbrekende kursuseenhede vir sy/haar graad gelyktydig met die NGOS-studie te volg. Toestemming daarvoor moet eerstens by die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte en dan by die Fakulteit Opvoedingswetenskappe verkry word.

Opmerking: Raadpleeg die Dekaan van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe vir meer inligting.

L.1.5

WAARSKUWING TEEN PLAGIAAT

Werkstukke is individuele take en nie groepaktiwiteite nie (tensy dit uitdruklik aangedui word as 'n groepaktiwiteit). Vir meer besonderhede gaan na: http://www.puk.ac.za/opencms/export/PUK/html/beheer-bestuur/beleid-reels/WAARSKUWING_TEEN_plagiaat.pdf

L.1.6

KAPASITEITSBEPALINGS

Neem asseblief kennis dat die Universiteit as gevolg van spesifieke kapasiteitsbepalings hom die reg voorbehou om kandidate vir toelating tot bepaalde studierigtings te keur. Dit beteken dat voornemende studente wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, nie noodwendig tot die betrokke kursus toegelaat sal word nie.

L.1.7

ERKENNING VAN VORIGE LEER

Die proses vir erkenning van vorige leer is in Algemene Reël A.5.1.2.6 gestel.

L.1.8 SKOLE IN DIE FAKULTEIT

Skool	Vakgroep
Skool vir Filosofie	Filosofie, Verstaan die Wêreld en Etiek.
Skool vir Musiek	Alle Musiekvakke
Skool vir Kommunikasiestudies	Grafiese Ontwerp en Illustrasiekuns, Kommunikasie, Kunstgeskiedenis.
Skool vir Sosiale en Owerheidstudie	Geskiedenis en Antieke Kultuur, Openbare Bestuur en Regering, Politieke Studie, Sosiale Antropologie, Sosiologie
Skool vir Tale	Afrikaans en Nederlands, Duits, Engels, Frans, Setswana, Skryfkuns, Taaltegnologie, Vertaal- en Tolkstudie.

L.1.9 KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS

Die Universiteit het die bevoegdheid om in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte die volgende kwalifikasies toe te ken:

DIPLOMA				
Kwalifikasie	Program en kode	Kurrikulum en kode	Metode van aflewering	NKR-vlak
Diploma in Musiek	Diploma in Musiek 926 100	Diploma in Musiek L206P	Voltyds	6

EERSTE BACCALAUREUSGRAAD				
Kwalifikasie	Program en kode	Kurrikulum en kode	Metode van aflewering	NKR-vlak
Baccalaureus Artium (BA)	BA Gedragswetenskappe 100 143	Gedragswetenskappe L300P	Voltyds	7
Baccalaureus Artium (BA)	BA Geesteswetenskappe 100 135	Geografie en Omgewingstudie en die Humaniora L315P	Voltyds	7
		Geskiedenis en die Geesteswetenskappe L316P	Voltyds	7
		Kunstgeskiedenis en die Geesteswetenskappe L317P	Voltyds	7

Kwalifikasie	Program en kode	Kurrikulum en kode	Metode van aflewering	NKR-vlak
		Politieke Studie en die Geesteswetenskappe L318P	Voltyds	7
		Sosiale Antropologie en die Geesteswetenskappe L319P	Voltyds	7
		Psigologie en Tale L320P	Voltyds	7
		Sosiologie en Tale L321P	Voltyds	7
		Filosofie en Tale L322P	Voltyds	7
		Filosofie en Sosiale Wetenskappe L323P	Voltyds	7
		Filosofie en Ekonomie L324P	Voltyds	7
		Filosofie en Bedryfsielkunde L325P	Voltyds	7
		Filosofie en Psigologie L326P	Voltyds	7
		Filosofie en Rekenaarwetenskap L327P	Voltyds	7
		Filosofie en Wiskunde L328P	Voltyds	7
		Wiskunde en die Geesteswetenskappe L329P	Voltyds	7
		Latyn en die Geesteswetenskappe L330P	Voltyds	7
		Geografie en die Geesteswetenskappe L331P	Voltyds	7
		Etiek, Filosofie en Tale L332P	Voltyds	7

Kwalifikasie	Program en kode	Kurrikulum en kode	Metode van aflewering	NKR-vlak
		Etiek, Filosofie en Sosiale Weten-skappe L333P	Voltyds	7
		Etiek, Filosofie, Politiek en Ekonomie (PPE) L334P	Voltyds	7
		Etiek, Filosofie en Bedryfsielkunde L335P	Voltyds	7
		Etiek, Filosofie en Psigologie L336P	Voltyds	7
		Etiek, Filosofie en Rekenaarweten-skap L337P	Voltyds	7
		Etiek, Filosofie en Wiskunde L338P	Voltyds	7
Baccalaureus Artium (BA)	BA in Kommuni-kasie 100 159	Kommunikasie L327P	Voltyds	7
Baccalaureus Artium (BA)	BA Erfenis- en Kultuurtoerisme-bestuur 100 176	Erfenis- en Kultuurtoerisme-bestuur L301P	Voltyds	7
Baccalaureus Artium (BA)	BA Musiek en Samelewing 100 148	BA Musiek en Samelewing L324P	Voltyds	7
Baccalaureus Artium (BA)	BA met Musiek-vakke 100 138	BA met Musiek-vakke L327P	Voltyds	7
Baccalaureus Artium (BA)	BA Taal- en Literatuurstudie 100 140	Afrikaans en Nederlands en Engels plus Skryf-kuns en/of Vertaal-en Tolkstudie L331P	Voltyds	7
		Afrikaans en Nederlands en Duits plus Skryf-kuns en/of Vertaal-en Tolkstudie L332P	Voltyds	7

Kwalifikasie	Program en kode	Kurrikulum en kode	Metode van aflewering	NKR-vlak
		Afrikaans en Nederlands en Frans plus Skryfkuns en/of Vertaal- en Tolkstudie L333P	Voltyds	7
		Afrikaans en Nederlands en Setswana (derde taal) plus Skryfkuns en/of Vertaal- en Tolkstudie L334P	Voltyds	7
		Engels en Duits plus Skryfkuns en/of Vertaal- en Tolkstudie L335P	Voltyds	7
		Engels en Frans plus Skryfkuns en/of Vertaal- en Tolkstudie L336P	Voltyds	7
		Engels en Setswana (derde taal) plus Skryfkuns en/of Vertaal- en Tolkstudie L337P	Voltyds	7
		Duits en Frans plus Skryfkuns en/of Vertaal- en Tolkstudie L338P	Voltyds	7
		Duits en Setswana (derde taal) plus Skryfkuns en/of Vertaal- en Tolkstudie L339P	Voltyds	7
		Frans en Setswana (derde taal) plus Skryfkuns en/of Vertaal- en Tolkstudie L340P	Voltyds	7
		Setswana (eerste taal) plus taal-modules L341P	Voltyds	7

Kwalifikasie	Program en kode	Kurrikulum en kode	Metode van aflewering	NKR-vlak
Baccalaureus Artium (BA)	BA Ontwikkeling en Bestuur 100 133	Openbare Bestuur en Regeerkunde L304P	Voltyds	7
		Openbare Bestuur en Menslikehulp-bronbestuur en Arbeidsverhoudinge L305P	Voltyds	7
		Openbare Regeerkunde en Politiek met Regsvakke L306P	Voltyds	7
		Openbare Bestuur en Regering met Ekonomie L307P	Voltyds	7
		Openbare Bestuur en Regering met Sosiologie L308P	Voltyds	7
		Openbare Bestuur en Omgewing L309P	Voltyds	7
Baccalaureus Sosiale Wetenskappe (BSocSc)	B Sosiale Wetenskappe 909 100	Individu en Samelewing L301P	Voltyds	7
		Sosiale Dinamika L302P	Voltyds	7
		Politiek en Samelewing L303P	Voltyds	7
		Kultuur en Samelewing L304P	Voltyds	7
		Omgewing en Samelewing L305P	Voltyds	7
		Ekonomie en Samelewing L306P	Voltyds	7
Baccalaureus Artium (Grafiese Ontwerp) (BA[GO])	BA (Grafiese Ontwerp) 188 101	Grafiese Ontwerp (Kunsgeskiedenis en Illustrasie) L401P	Voltyds	7
		Grafiese Ontwerp (Kommunikasie) L409P	Voltyds	7
Baccalaureus Musicae (BMus)	BMus 114 101	BMus L416P	Voltyds	7

Kwalifikasie	Program en kode	Kurrikulum en kode	Metode van aflewering	NKR-vlak
Baccalaureus Artium (Taaltegnologie) (BA[TT])	BA (Taaltegnologie) 191 100	Taaltegnologie met 'n taalhoofvak L426P	Voltyds	7

L.1.10 PROGRAMEIENAARS

DIPLOMA

Kwalifikasie	Program en kode	Programeienaar
Diploma in Musiek	Diploma in Musiek 902 100	Skool vir Musiek

EERSTE BACCALAUREUSGRAAD

Kwalifikasie	Program en kode	Programeienaar
Baccalaureus Artium (BA)	BA Gedragwetenskappe 100 143	Skool vir Sosiale en Owerheidstudie
Baccalaureus Artium (BA)	BA Geesteswetenskappe 100 135	Skool vir Filosofie
Baccalaureus Artium (BA)	BA in Kommunikasie 100 159	Skool vir Kommunikasiestudies
Baccalaureus Artium (BA)	BA Erfenis- en Kultuurtoerismebeheer 100 142	Skool vir Sosiale en Owerheidstudie
Baccalaureus Artium (BA)	BA Musiek en Samelewing 100 148	Skool vir Musiek
Baccalaureus Artium (BA)	BA met Musiekvakke 100 138	Skool vir Musiek
Baccalaureus Artium (BA)	BA Taal- en Literatuurstudie 100 140	Skool vir Tale
Baccalaureus Artium (BA)	BA Ontwikkeling en Bestuur 100 133	Skool vir Sosiale en Owerheidstudie
Baccalaureus Sosiale Wetenskappe (BSocSc)	B Sosiale Wetenskappe 909 100	Skool vir Sosiale en Owerheidstudie
Baccalaureus Artium (Grafiese Ontwerp) (BA[GO])	BA (Grafiese Ontwerp) 188 101	Skool vir Kommunikasiestudies
Baccalaureus Musicae (BMus)	BMus 114 101	Skool vir Musiek
Baccalaureus Artium (Taaltegnologie) (BA[TT])	BA (Taaltegnologie) 191 100	Skool vir Tale

L.2 REÛLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS ARTIUM

L.2.1 DUUR

Die minimum duur van die studietydperk vir hierdie graad is **drie jaar** en die maksimum duur is **vier jaar**.

L.2.2 TOELATINGSVEREISTES VIR DIE KWALIFIKASIE

Die reëls vir toelating tot hierdie kwalifikasie geskied volgens die bepalings van Algemene Reël A.5.1 van die Universiteit. Spesifieke toelatingsvereistes ten opsigte van die onderskeie programme word in die reëls van die programme gestel.

L.2.3 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES TOT BEPAALDE VAKKE

L.2.3.1 Afrikaans en Nederlands

- a) Vir toelating tot Afrikaans: Taal sonder grense (AFNP111) en Afrikaanse en Nederlandse Taal- en Literatuurstudie (AFNP121) word minstens 'n vlak 4 in Afrikaans as huistaal of 'n vlak 5 in Afrikaans as eerste addisionele taal vir graad 12 vereis.
- b) Die aanbied van die elektiewe modules AFNE211, AFNE212 en AFNE213 in 'n gegewe jaar kan beïnvloed word deur die aantal studente wat vir die module registreer asook navorsingsverpligtinge en verlofreëlings van dosente. Ekstra werk in Nederlands tot die bevrediging van die vakgroep kan van hierdie studente geverg word.
- c) Studente wat aan die toelatingsvereistes vir AFNP111 en AFNP121 voldoen, maar tog kommunikasieprobleme ondervind, word verwys na die Voorster van die Vakgroep Afrikaans en Nederlands.

L.2.3.2 Duits

- a) GERM111 en GERB111 is beginnerskursusse. Geen voorafkennis van Duits word vereis om vir die modules te registreer nie, maar studente moet wel oor 'n matrikulasie-rystellingstifikaat beskik.
- b) Studente wat Duits op matriek-vlak geslaag het met 'n finale punt van 65% of hoër of wat 'n stifikaat gelykstaande aan vlak A2 van die Gemeenskaplike Europese Verwysingsraamwerk vir Tale by 'n geakkrediteerde instelling verwerf het, mag nie vir GERM111/121 of GERB111/121 registreer nie. Hulle mag vir GERM211/221 registreer. Indien hierdie kwalifikasie meer as 2 jaar voor registrasie vir Duits verwerf is, word dit vereis dat 'n student 'n toelatingstoets aflê. Die uitslae van hierdie toets sal bepaal of 'n student toegelaat sal word tot GERM111/121 of GERM211/221. Uitsonderings kan onder buitengewone omstandighede gemaak word nadat daar met die vakvoorsitter gekonsulteer is.
- c) Studente wat voorafkennis van Duits het, maar wat geen amptelike bewys van vaardighede het nie, sal 'n toelatingstoets moet aflê. Die uitslae van hierdie toets sal bepaal of 'n student toegelaat sal word tot GERM111/121, GERB111/121 of GERM211/221.
- d) Die krediete van modules waarvoor 'n student rystelling gekry het, sal nie toegeken word nie.
- e) Studente wat GERM111/121 suksesvol voltooi het, sal toegelaat word om vir GERM211/221 te registreer.
- f) Krediete kan nie vir beide GERM111,121 en GERB111,121 verwerf word nie.

L.2.3.3

Ekonomie

Vir toelating tot Ekonomie (ECON111,121) word minstens 'n vlak 3 (40%-49%) in Wiskunde vir gr 12 vereis.

L.2.3.4

English

- a) ENLS111 (practical module): It is strongly recommended that students with a matriculation result below 60% in English as a second language (L2), or a result below 50% in English as a first language (L1) should register for this module.
- b) ENLL111 (academic module): It is strongly recommended that students with a matriculation result of 60% or more in English as a second language (L2), or a result of 50% or more in English as a first language (L1) should register for this module.
- c) ENLL121: To register for the second semester academic module (ENLL121), a student must have obtained a mark of 60% or more for the corresponding module of the first semester (ENLL111). Students who failed to obtain 60% or more for ENLL111 will be transferred to the practical module of the second semester (ENLS121). However, the English subject group can consider special cases for admission to ENLL121.
- d) Students who are registered for the academic modules are required to report for supplementary reading evaluations in the reading laboratory. Students who have not achieved the required skills level will have to follow supplementary reading programmes.

L.2.3.5

Frans

- a) FREN111 en FREB111 is beginnerskursusse. Geen voorafkennis van Frans word vereis om vir die modules te registreer nie, maar studente moet wel oor 'n matriekulasie-vrystellingssertifikaat beskik.
- b) Studente wat Frans op matriekvlak geslaag het met 'n finale punt van 65% of hoër of wat 'n sertifikaat gelykstaande aan vlak A2 van die Gemeenskaplike Europese Verwysingsraamwerk vir Tale by 'n geakkrediteerde instelling verwerf het, mag nie vir FREN111/121 of FREB111/121 registreer nie. Hulle mag vir FREN211/221 registreer. Indien hierdie kwalifikasie meer as 2 jaar voor registrasie vir Frans verwerf is, word dit vereis dat 'n student 'n toelatingstoets aflê. Die uitslae van hierdie toets sal bepaal of 'n student toegelaat sal word tot FREN111/121 of FREN211/221. Uitsonderings kan onder buitengewone omstandighede gemaak word nadat daar met die vakvoorsitter gekonsulteer is.
- c) Studente wat voorafkennis van Frans het, maar wat geen amptelike bewys van vaardighede het nie, sal 'n toelatingstoets moet aflê. Die uitslae van hierdie toets sal bepaal of 'n student toegelaat sal word tot FREN111/121, FREB111,121 of FREN211/221.
- d) Die krediete van modules waarvoor 'n student vrystelling gekry het, sal nie toegeken word nie.
- e) Studente wat FREB111/121 suksesvol voltooi het, sal toegelaat word om vir FREN211/221 te registreer.
- f) Krediete kan nie vir beide FREN111,121 en FREB111,121 verwerf word nie.

L.2.3.6

Latyn

'n Student wat Latyn in graad 12 geslaag het, mag vir LATN211 inskryf, maar dan **eers in die tweede studiejaar**.

L.2.3.7

Setswana

Studente wat 'n Sothotaaal soos Setswana, Suid-Sotho (Sesotho) of Noord-Sotho (Sepedi) as huistaal in die graad 12-eksamen geslaag het of een van die tale as moedertaal het, kan nie vir die derdetaalkursusse van Setswana (ATSN111, ATSN121) inskryf nie.

L.2.3.8

Skryfkuns

- a) Toelating tot SKRK111 kan onderhewig gestel word aan die voorlegging van 'n kreatiewe skryfstuk wat deur die voorsitter van die vakgroep gekeur word.
- b) Ten einde toelating te kry tot SKRK321, moet alle voorafgaande modules geslaag wees.

L.2.3.9

Vertaal- en Tolkstudie

- a) Studente wat Vertaal- en Tolkstudie as hoofvak neem, moet verkieslik hiermee saam 'n taal tot op derde jaar neem en ten minste een ander taal tot op tweede vlak.
- b) Dit word sterk aanbeveel dat ten minste twee tale op vlak twee geneem word saam met Vertaal- en Tolkstudie op vlak drie.
- c) Studente het in hulle derde jaar, tweede semester 'n keuse tussen LAPP321 en LAPP322. Die tolkinternskap word onderneem by die Direktoraat Taalsake van die NWU op die Potchefstroomkampus.
- d) Studente wat van plan is om die internskap in tolkwerk (LAPP321) te volg, word aangeraai om reeds in hulle tweede jaar betrokke te raak by die tolkaktiwiteite van die Direktoraat Taalsake van die NWU op die Potchefstroomkampus.
- e) Afrikaans is die primêre teikentaal vir modules in Vertaal- en Tolkstudie en studente behoort dus vaardig in Afrikaans wees ten einde die modules te kan neem.

L.2.3.10

Wiskunde

- a) 'n Student wat enige module in Wiskunde wil volg, uitgesonderd Wiskundige Tegnieke (WISN112, WISN113 of WISN123), moet in die graad 12-eksamen in Wiskunde 'n punt van minstens 50% (vlak 4) of minstens 60% (vlak 5) in 'n ander eksamen in Wiskunde wat die Senaat as gelykwaardig aan bogenoemde ag, behaal het.
- b) Opmerkings:
 - i) Studente wat nie hieraan voldoen nie, maar in Wiskunde wel 'n punt van minstens 40% (vlak 3) of minstens 50% (vlak 4) in 'n ander eksamen in Wiskunde wat die Senaat as gelykwaardig aan bogenoemde ag, behaal het, word toegelaat tot 'n opknappingskursus in Wiskunde wat in Januarie deur die Skool vir Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe aangebied word. Indien sodanige studente voldoende presteer in die toetse wat tydens hierdie kursus afgeneem word, kan hulle in aanmerking kom vir toelating tot studie in Wiskundemodules.
 - ii) Voornemende studente wat nie aan die graad 12-vereiste voldoen om vir WISN111 in te skryf nie, en ook nie die opknappingskursus bygewoon het nie, kan in die tweede studiejaar toelating tot WISN111 verkry deur in die eerste studiejaar die module in Wiskundige Tegnieke (WISN112, WISN113 of WISN123) te slaag, met dien verstande dat persone wat langs hierdie weg toelating wil kry tot programme wat andersins vir hulle ontoeganklik sou wees, in ag moet neem dat hulle moontlik nie hulle studie in die minimum tydperk sal kan afhandel nie.

- iii) 'n Student wat Wiskundige Tegnieke (WISN112, WISN113 of WISN123) wil neem, moet óf in die graad 12-eksamen in Wiskunde 'n punt van minstens 40% (vlak 3) of minstens 50% (vlak 4) in 'n ander eksamen in Wiskunde behaal het wat die Senaat as gelykwaardig aan voorgenoemde ag.

L.2.4 PROGRAM BA GEDRAGSWETENSKAPPE

Die kurrikulum van hierdie program word slegs voltyds aangebied.

L.2.4.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program

Bykomend tot die algemene toelatingsvereistes soos in Algemene Reël A.5.1 gespesifiseer, moet 'n student oor 'n APS van minstens 20 beskik.

L.2.4.2 Programuitkomst

Ná voltooiing van die kurrikulum van hierdie program behoort die student

- daartoe in staat te wees om leiding binne privaat organisasies te kan neem wanneer menslike hulpbronne bestuur moet word, goeie werksverhoudinge bevorder moet word en dinamiese groepwerk verkry moet word;
- 'n basiese opleiding in die geestes- en ekonomiese wetenskappe te hê wat hom/haar daartoe in staat stel om probleemoplossend binne die werksplek te funksioneer en 'n bydrae te lewer deur selfrealisering en werkskepping;
- in staat te wees om funksies uit te oefen en vaardighede toe te pas waar-
deur psigologiese fenomene in die werkkonteks ondersoek en bestuur word.

L.2.4.3 Modulelys

Modulekode	Beskrywende Naam	Voorvereistes	Krediete
KKVU-modules: Akademiese Geletterdheid			
AGLA111	Inleiding tot Akademiese Geletterdheid		12
AGLA121	Akademiese Geletterdheid	AGLA/AGLE111(40)	12
KKVU-modules: Verstaan die Wêreld			
WVSS221	Verstaan die sosiale en politieke wêreld		12
WVLS314	Mens en samelewing: kritiese perspektiewe op kontinuiteit en verandering/transformasie		12
Arbeidsverhoudinge			
LARM111	Inleiding tot arbeidsverhoudinge		12
LARM211	Beroepsbestuur		16
LARM221	Werkgroepsdinamika		16
LARM311	Teorie en praktyk van arbeidsverhoudinge		16
LARM321	Bestuur van arbeidsverhoudinge		16
LARM322	Konflikbestuur		16
Bedryfsielkunde			
IOPS111	Inleiding tot Bedryfsielkunde		12
IOPS121	Ergonomika en bedryfsgesondheid		12
IOPS211	Personeelsielkunde		16

Modulekode	Beskrywende Naam	Voorvereistes	Krediete
IOPS221	Loopbaansielkunde		16
IOPS311	Organisasiesielkunde		16
IOPS321	Psigometrie en navorsingsmetodologie		16
Ondernemingsbestuur			
BMAN111	Inleiding tot Ondernemingsbestuur		12
BMAN121	Algemene bestuur		12
Psigologie			
PSYC121	Sosiale en Gemeenskapsigologie		12
PSYC211	Ontwikkelingsigologie		16
PSYC212	Persoonlikheidsigologie		16
PSYC311	Psigopatologie		16
Regsmodule			
JURI224	Arbeidsreg		12
Sosiologie			
SOCL111	Inleiding tot Sosiologie: Basiese konsepte en temas.		12
SOCL121	Inleiding tot Sosiologie: Instellings en die Suid-Afrikaanse konteks		12
SOCL224	Sosiologie van werk		16
Statistiek			
STTN111	Beskrywende Statistiek		12
STTN124	Praktiese Statistiek	STTN111	12

L.2.4.4 Kurrikulum L300P: Bedryfsielkunde en Arbeidsverhoudingebestuur

L.2.4.4.1 Samestelling van kurrikulum L300P: Bedryfsielkunde en Arbeidsverhoudingebestuur

JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3	
Eerste semester		Eerste semester		Eerste semester	
Modulekode	Kr	Modulekode	Kr	Modulekode	Kr
BMAN111	12	IOPS211	16	IOPS311	16
IOPS111	12	LARM211	16	LARM311	16
LARM111	12	PSYC211	16	PSYC311	16
SOCL111	12	PSYC212	16	WVLS314	12
STTN111	12				
Totaal 1^{ste} semester	60	Totaal 1^{ste} semester	64	Totaal 1^{ste} semester	60
JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3	
Tweede semester		Tweede semester		Tweede semester	
Modulekode	Kr	Modulekode	Kr	Modulekode	Kr
AGLA121	12	IOPS221	16	IOPS321	16
BMAN121	12	LARM221	16	JURI224	12
IOPS121	12	SOCL224	16	LARM321	16
PSYC121	12	WVCS221	12	LARM322	16
STTN124 of SOCL 121	12				
Totaal 2^{de} semester	60	Totaal 2^{de} semester	60	Totaal 2^{de} semester	60
Totaal Jaarvlak 1	120	Totaal Jaarvlak 2	124	Totaal Jaarvlak 3	120
Krediet totaal vir die kurrikulum					364

L.2.5 PROGRAM BA GEESTESWETENSKAPPE

Die kurrikulum van hierdie program word slegs voltys aangebied.

L.2.5.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program

Bykomend tot die algemene toelatingsvereistes soos in Algemene Reël A.5.1 gespesifiseer, moet 'n student oor 'n APS van minstens 20 beskik.

L.2.5.2 Programuitkomst

Ná suksesvolle afhandeling van die kurrikulums van hierdie program sal studente oor kennis, vaardighede en waardes beskik waardeur hulle begrip ontwikkel vir die eise van die besondere beroepe wat hulle wil betree, en die breë samelewing waarbinne hulle funksioneer; en sal verder sleutelkonsepte kan verstaan, toepas en estrapoleer binne die veld van die geesteswetenskappe en die akademiese konvensies wat geld binne die geesteswetenskappe kan bemeester en toepas. Die aard van die leerstof sowel as die metodologie van die program is in die besonder geskik om die basis te lê van 'n proses van lewenslange leer.

L.2.5.3 Modulelys

Modulekode	Beskrywende naam	Voorvereistes	Krediete
KKVU-modules: Akademiese Geletterdheid			
AGLA111	Inleiding tot Akademiese Geletterdheid		12
AGLA121	Akademiese Geletterdheid		12
KKVU-modules: Verstaan die Wêreld			
WVSS221	Verstaan die sosiale en politieke wêreld		12
WVCS221	Verstaan die kulturele wêreld		12
WVLS311	Estetika		12
WVLS312	Taal- en letterkunde/filosofie		12
WVLS313	Kultuurfilosofie: Kritiese perspektiewe op megatrends in die hedendaagse kultuur		12
WVLS314	Mens en samelewing: Kritiese perspektiewe op kontinuïteit en verandering/transformasie		12
WYSGERIGE HOOFVAKKE			
Modulekode	Beskrywende naam	Voorvereistes	Krediete
Etiek			
PHIL111	Etiese vraagstukke		12
PHIL121	Denkvaardighede		12
ETIE212	Etiese perspektiewe		16
ETIE221	Christelike etiek		16
ETIE312	Sosio-ekonomiese etiek		16
ETIE313	Etiek in die werkplek		16
ETIE321	Die etiek van hulpverlening		16
ETIE322	Navorsingsprojek		16
Filosofie			
PHIL111	Etiese vraagstukke		12
PHIL121	Denkvaardighede		12
PHIL211	Werklikheid en kennis		16

Modulekode	Beskrywende naam	Voorvereistes	Krediete
PHIL221	Geskiedenis van die Filosofie		16
PHIL311	Mens, wetenskap en samelewing		16
PHIL312	Kultuur en kuns		16
PHIL321	Taal, godsdiens en ekonomie		16
PHIL322	Navorsingsprojek		16
HOOFVAKKE IN DIE SOSIALE WETENKAPPE			
Modulekode	Beskrywende naam	Voorvereistes	Krediete
Kunsgeskiedenis			
KSGS113	Inleiding tot Kunsgeskiedenis		12
KSGS122	Die kunstenaar as genie/meester gedurende die Renaissance en Barok		12
KSGS212	Wêreldkuns en wêreldkulture		16
KSGS222	Temas in die 19de-eeuse kuns		16
KSGS312	Inleiding tot modernisme en postmodernisme: Van <i>Avant-garde</i> tot <i>transavantgardia</i>		32
KSGS322	Postmodernisme: Van Kitsch tot kuber-kultuur	KSGS312	32
Geskiedenis			
HIST111	Suid-Afrika: Vanaf me Ples tot Mandela		12
HIST121	Ontstaan van die moderne wêreld		12
HIST211	Suid-Afrika en Afrika: Politieke ontwikkeling.		16
HIST221	Suid-Afrika en sosio-ekonomiese tendense in die wêreld		16
HIST311	Die mens in interaksie met die omgewing		32
HIST321	Intellektuele geskiedenis, metodologie en historiografie		32
Politieke Studie			
POLI112	Inleiding tot Politieke Studie		12
POLI123	Die Suid-Afrikaanse politieke stelsel		12
POLI213	Vergelykende politiek		16
POLI223	Afrikapolitiek		16
POLI312	Politieke Filosofie		32
POLI322	Politieke deelname en interaksie		32
Sosiale Antropologie			
SANL112	Inleiding tot sleutelkonsepte in Sosiale Antropologie		12
SANL122	Inleiding tot temas in Sosiaal-antropologiese navorsing		12
SANL213	Mediese Antropologie		16
